# BOEKBESPREKING.

Dr. G. D. Scholtz: **Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?** Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg. 173 bll., 17/3 posvry.

Hierdie boek bevat 'n tydwoord. Dit is 'n klaroenstoot wat bedoel is om ons volk helder wakker te maak. Veel is daar al geskrywe oor die vraagstukke wat ons benou, maar hier vind ons 'n heldere siening oor ál die probleme.

Die skrywer is uitmuntend toegerus om oor hierdie onderwerp te skrywe, aangesien hy gedurig besig is met wêreldvraagstukke as redakteur van „Sake van die Dag". Daarby is hy historikus wat in staat is om sake in hul juiste perspektief te sien. Wat 'n mens veral tref is die rustige betoogtrant en die wye belesenheid. Feitlik elke belangrike stelling word gedokumenteer. Mede om hierdie rede sal die werk altyd belangrik bly as naslaanwerk.

Waarlik, die pennevrug van dr. Scholtz *moet* ons tot besinning roep voordat dit te laat is! Te veel leef ons net met die oog gerig op die voordeel van hierdie geslag en te min dink ons oor die toekoms. Te veel nog leef ons slaperig oor die dinge heen, terwyl 'n ontsaglike lawine besig is om oor ons toe te sak.

Die beeld wat dr. Scholtz teken is bepaald nie rooskleurig nie. As 'n mens nie geloof het nie, sal die lees van sy boek jou die angs om die hart laat slaan. Maar dit is m.i. juis die grondtoon van die geskrif dat dit ons wil aanspoor om te *bid* en te *werk*. Baie nadruk word gelê op die geloof en op die hoër waardes. Maar daar sal *geveg* moet word en die skrywer is oortuig dat ons die toekoms meer versekerd tegemoet sal gaan as alle grawe en vloerborsels in die Unie deur blanke hande omklem word. Dit is duidelik dat hierdie geslag tot die besef gebring moet word dat daar minder tyd vir allerlei minder belangrike sake moet wees en dat daar harder gewerk moet word. Saam met dr. Scholtz wil ons beklemtoon dat wetgewing alleen nie vir ons 'n toekoms sal skep nie.

Van die begin tot die einde kan die resensent saamstem met die betoog. Daar is net een punt waar ons die aksent miskien 'n bietjie anders sou lê. Saam met die skrywer is ons oortuig dat weer meer aansluiting by Wes-Europa gesoek moet word, maar ons sou graag sien dat meer klem gelê word op ons aansluiting by Amerika in sover dit verdedigingsdoeleindes betref. Ons kan van die Amerikaanse kultuur dink wat ons wil, maar as hierdie grootmoondheid nie daar was nie, het die Kommunisme—na die mens gespreek—reeds lankal die wêreld verower gehad. En nou is dit juis die Britse konneksie (waarbinne ons o.m. te doen het met iemand soos Nehru) wat verhinder dat ons *regstreeks* met Amerika kan onderhandel. Ons bly maar steeds ingeskakel by die verdedigingsplanne van die Gemenebes. Dit sal ook in die belang van Amerika self wees om te help in die verdediging van ons strategiese hawens en lugbasisse.

Hierdie een punt van verskil is egter nietig in die boeiende en spannende geheel. Graag sou ons sien dat elke Afrikaner—en ook elke Engelssprekende Suid-Afrikaner—hierdie boek lees en herlees. Die skrywer en die uitgewers het ons 'n uitnemende diens bewys. Mag daar vrugte op gesien word!

S. DU TOIT.

Potchefstroom.

Dr. S. P. van der Walt: **Die Wysbegeerte van dr. Herman Bavinck.** pp. 196. Uitgewers: Pro-Rege-Pers Beperk, Potchefstroom.

Weinig denkers het groter invloed op Suid-Afrika gehad as Herman Bavinck. Om hierdie rede is 'n deurwrogte studie oor sy wysbegeerte aktueel en van die grootste betekenis. Die dissertasie van dr. S. P. van der Walt is dan ook 'n gepaste huldeblyk van Afrikaanse kant aan hierdie groot teoloog en denker. En die firma Pro Rege het daarvoor gesorg dat die uitgawe netjies en byna foutloos is.

Van suiwer formele kant gesien doen die werk aangenaam aan omdat die skrywer sy stof beheers en die gedagtes van Bavinck sistematies saamvat. Die styl is lewendig en helder. Op enkele plekke, bv. p. 60, tref mens 'n lomp stellingswyse aan, wat juis opval omdat die werk deurgaans helder en boeiend geskryf is. Enkele verwysinge, bv. pp. 39 en 40, is nie volledig aangegee nie. Die geheel maak so 'n mooi indruk dat skrywer en uitgewer daarmee besondere gelukwensinge verdien.

Na 'n insiggewende saaklike en historiese oorsig, waarin o.a. Bavinck se plek as denker bepaal word, bied die skrywer 'n helder en simpatieke uiteensetting van Bavinck se kenleer en wetenskapsleer aan. Dit val meteens op dat die skrywer nie op enkele of alleenstaande uitsprake van Bavinck afgaan nie, maar sy beskouing as geheel, sy sisteem, weergee. Dis nie 'n aaneenstrengeling van aanhalings uit Bavinck nie. Die skrywer het die Wysbegeerte van die Openbaringsidee behoorlik gepak en hom so ingewerk dat hy die groot lyne wat Bavinck getrek het, kon vat en weergee. Sonder om in onbelangrike besonderhede af te daal is die kerngedagtes van Bavinck se wysgerige arbeid as sisteem weergegee. Die student kry in hierdie twee hoofstukke 'n simpatieke en korrekte beeld van die Wysbegeerte van die Openbaringsidee.

Bavinck se kenleer word behandel aan die hand van die drie principia, t.w. die principium essendi, die principium cognoscendi en die principium cognoscendi internum. Onder eersgenoemde word veral weergegee die twee hoofgedagtes wat die teologie as „Lehnsätze" aan die wetenskap bied nl. die Drie-eenheidsopvatting van God en die generasie van God. Hier word veral Gods transendensie benadruk terwyl die immannensie aan die hand van die tweede principium uitgewerk word. Hoe Bavinck die grens tussen God en kosmos suiwer gesien het, en wat dit vir die wetenskap beteken, word hier skitterend aangetoon. In die derde vind ons die verhouding van die mens tot die kosmos. Hier is die sondewerking in soverre dit op die kenleer betrekking het, baie mooi uitgewerk. Hierdie gedeelte is veral van betekenis omdat Bavinck se standpunt insake die kenvermoë en bewussyn en selfbewussyn van die mens helder weergegee word. Die hoofstuk word mooi afgerond met 'n oorsig oor Bavinck se opvatting oor die kenteoretiese grondvrae van sekerheid en waarheid.

Wat dr. Van der Walt ons in die derde hoofstuk oor die wetenskapsleer van Bavinck bied, is van besondere belang vir ons in S.A. vandag. Bavinck se wetenskapsleer word vir ons uit die drie gesigspunte, nl. die inbedding van die wetenskappe, die eenheid en verskeidenheid in die wetenskap en die raamwerk van die wetenskap, weergegee.

In die vierde hoofstuk word die Wysbegeerte van die Openbaringsidee krities ondersoek en begroot. Op besonder knap wyse word aangetoon dat Bavinck, wat in die historiese gang van die Calvinistiese reformasie van die wysbegeerte die oriënterende stadium bereik het, se foutiewe opvatting van die drie realiteite God, wêreld en mens die bron van die „vertroebeling" in sy wysbegeerte is. Ook word op oortuigende wyse gewys op die swakheid in sy

wysbegeerte dat die openbaringsidee nog te eng gesien word en dat teologiese principia as wysgerige principia gestel word. Sy vernaamste kritiek raak Bavinck se opvatting oor die verhouding van die algemene tot die besondere dinge. Hy toon aan hoe dit hom tot die idealisme laat neig en hom tot foutiewe onderskeiding tussen hoëre en laere kenvermoëns bring. In sy kritiek op wat hy die logiese kontinuiteit in Bavinck se wysbegeerte noem, wys dr. Van der Walt tereg daarop dat Bavinck daardeur nie aan die gevaar ontkom het om die wysbegeerte te verteologiseer nie. Hy druk hom egter te skerp uit waar hy in hierdie verband van „Gereformeerde skolastiek" en „'n sterk oorhel na die rasionalisme" spreek. Hierdie hoofstuk word afgesluit met 'n mooi saaklike waardering en begroting van die wysgerige arbeid van Herman Bavinck.

Die slothoofstuk is 'n kort maar treffende vergelyking en beoordeling van die wysbegeerte van die Wetsidee, die Skeppings idee en die idee van die Testimonium Spiritus Sancti, wat op die grondslag van die Wysbegeerte van die Openbaringsidee gebou is. Dis nie 'n appendix nie, maar stel die betekenis van die wysgerige arbeid van Bavinck in die lig en is as sodanig 'n pragtige afronding van 'n mooi werk.

Die skrywer en die uitgewer kan met die werk sonder voorbehoud gelukgewens word.

J. D. VORSTER.

---

Dr. J. H. Coetzee: **Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika** (1859-1949). Pro Rege Pers, Beperk, Potchefstroom. 1953. Prys 15/-.

Met die verskyning van hierdie proefskrif, waarvoor ons ons dank kan bring aan die promovendus en die promotor, is 'n diens bewys aan die kerke in Suid-Afrika en in die besonder aan die Gereformeerde kerke. So 'n onderwerp, waarvan die gegewens verspreid lê in die argiewe van gemeentes, deputaatskappe en meerdere vergaderings, is al dadelik moeiliker. Voeg nog hierby dat vir statistiese doeleindes die skrywer ook afhanklik is van vraagbriewe, wat—en daaroor klaag dr. Coetzee—tog so traag beantwoord word.

Nieteenstaande veelvuldige probleme het ons nou hier die mooi wetenskaplike en gemotiveerde verhandeling wat met reg baanbrekerswerk genoem kan word.

Die noukeurige terminologiese onderskeidings is werklik verhelderend vir diegene wat diakonaal besig is in hierdie kerklike amp. Hoe wonderlik dit ook mag klink, maar met die terminologie handhaaf ons eintlik die diakonale amp of gee dit prys. Immers, as die diakonie armversorgers is, soos hulle meermale vandag genoem word, kan hulle net sowel beamptes wees van 'n maatskaplike organisasie. Hulle kan ook liefdadigheid bewys en nog nie spesifiek kerklik besig wees nie. Die skriftuurlike woord is en bly barmhartigheid wat in die Naam van Christus bewys moet word. Christus het nie liefdadigheid bewys of armes versorg nie; Hy het barmhartigheid bewys, en daarmee Sy volle liefde bewys in materiële nood, in vertroosting, genesing en verheffing uit sosiale misstande.

In die historiese deel vind ons die groot rigtingslyne. Dit is miskien die mees onbegonne taak om in 'n luttele sewetal bladsye hierdie geweldige en omstrede terrein te dek. Myns insien moet dit die

skrywer ten goede kom dat hy hierdie agtergrond gegee het en daardeur aangedui het dat ons hier nie met 'n nuwe kerk te doen het wat gestig is in 1859 nie, maar met 'n kerk wat met die Suid-Afrikaanse geskiedenis begin het en alleen herstig is as hervormingsmaatreël.

By die tetiese gedeelte word die diakonaat se instelling, taak en terrein uit die Skrif weergegee. Tradisioneel word dan aanvaar dat die instelling van die diakonaat as afsonderlike amp in die kerk uit Hand. 6 afgelei moet word. Deesdae is daar veel meer nodig om dit te bevestig, veral as volgens dr. Dijk gemeen word dat Hand. 6 alleen spreek van 'n tydelike omstandigheid wat die instelling genoodsaak het.

Die taak en terrein is deeglik gegrond. Tereg word aangetoon dat armoede 'n breë konnotasie het, moeilik bepaalbaar en daarom wetenskaplik moeilik hanteerbaar Die Skrif spreek ook inderdaad anders oor armoede as ons gewoon is. Die nooddruftige aan wie barmhartigheid bewys moet word is die weduwee en wees. Daarmee word geen beperking gegee nie, maar wel 'n duidelike aanwysing: barmhartigheid moet bewys word aan almal in soortgelyke omstandighede.

In die praktyk staan die diaken met 'n besondere taak. Jammer genoeg dat hierdie taak in die loop van die kerkgeskiedenie gedegradeer is tot 'n kollekteeramp en dat dikwels versagtende omstandighede aangevoer moes word om nog die beginselgrondslag te sien deurgaan. Maar dan is dit tog duidelik dat goed gefundeerde argumente ons nog steeds noop tot nadenke. As die diaken diakonaal besig is, is daar niks wat die gesigseinder verduister nie. Die tot daad gedrewe liefde sien nie die afwerende sonde-modderpoel raak wat neig om die hart te sluit ie, maar word dan des te meer tot liefde aangespoor. Rondom die diaken gaan daar maar net geleentheidsdeure oop: die eie gemeente, die kerkverband, die Christendom, die omgewing, die wêreld, Sy hulpmiddels is net soveel: die familiekring, die kerk, die gelowiges wat in die diakonie die kanaal vind, die Skrif wat hy moet bring om sy skrale stoflike middels te vertiendubbel tot 'n skat van geestelike bate. Hiertoe dien diakonale huisbesoek, by ryk en arm, om in diens te stel van die barmhartigheid van Christus.

'n Mens vra jou onwillekeurig af, nadat jy weer gelees het van diakonale werk, hoe 'n kerk ooit hierdie amp kan ontbeer, hoe ooit hierdie taak oorgedra kan word aan 'n armsorgvereniging, en hoe maklik Gereformeerde kerke se diakonieë gebruik kan word vir dit wat nie by hierdie amp pas nie.

Dr. Coetzee se stellingname teen straatkollektes en alle gawes van buite die gelowige kring is vir my nie oortuigend nie. As die voorwerpe van barmhartigheid nie beperk is tot die gelowige kring nie, maar uitgebrei word tot „alle mense", moet die barmhartigheid dan nie ook ingeskerp word by alle mense nie? Is straatkollektes dan nie 'n middel om aan 'n publiek, wat dikwels meedoënloos hard is, sigbaar die geleentheid te gee tot nadenke, tot opwekking van barmhartigheid en 'n geleentheid te gee om ook mee te help nie? Tewens, die skrywer wys daarop dat die diakonie dikwels met die slagoffers van oorloë in weeshuise te doen het, terwyl die oorlogmakers net met die soldaat te doen het.

Ek mag volstaan met hierdie uiters leersame werk van harte aan te beveel. As dit ons dwing om gedurig te reformeer, om die gevaarfronte duidelik te sien, om te weet dat veel nagelaat is en om veel meer te onderneem, sal dit sekerlik die navorsing rykelik beloon.

S.P.v.d.W.